

DIE HOORN – 26 MAART 2020

BRIEF: Reaksie op David Piedt se artikels oor rassisme

Glen Snyman.

Graag wens ek hiermee om my mening te gee oor die onderwerp en skrywe oor rassisme van mnr Piedt.

As 'n jongman in Suid-Afrika vandag, wat nie eintlik die lewe in Suid-Afrika onder die apartheid-era ervaar het nie, wil ek ook sê wat ek dink oor die stand van rassisme tans in ons dorp, Oudtshoorn. Ek het wit, bruin en swart vriende. Ek sien daaglik hoe mense oor verskillende rassegroepe saam kuier, saam bly, saam bid, saam besigheid doen en net baie goed oor die weg kom met mekaar. Sekere mense het glad nie 'n probleem met mekaar nie.

Apartheid staan egter nog in ons Suid-Afrikaanse wet in die vorm van die rasseklassifiseringsblokkies. Op die staatsvorms wanneer jy aansoek doen vir werk, moet jy aftik watter ras jy is (swart, bruin, Indiër of wit).

Wanneer gaan ons regering met sy rasbeheptheid stop?

Na my mening, om die “ongelykhede” van die verlede reg te stel, moet die regering meer werk skep vir die volk. Watter ongelykhede praat ons van? Slegs finansiële ongelykhede kan reggestel word. Maar wat van identiteit?

Het niemand dan 'n probleem om as lid van 'n spesifieke “ras” in 'n moderne post-Apartheid tyd geklassifiseer te word nie?

Tergende probleme soos hierdie het my gemotiveer om tien jaar gelede, in Oktober 2010, die drukgroep PARC (People Against Race Classification) te begin. Ek was en is moeg dat mense en die regering my 'n bruinman noem!

Ek het onmiddellik 'n T-hemp gemaak met die woorde daarop – “***I am not a Coloured, Black, Indian or White person. I am a SOUTH AFRICAN***”. Baie Suid-Afrikaners, plaaslik en in die res van die land, het my T-hemp gesien, gelike, gekoop en gedra.

Ek het al meer as 500 T-hemde versprei en verkoop. Groot leiers en bekendes het op foto's saam my in hierdie gewilde T-hemp geposeer om sodoende hulle steun te gee aan hierdie ideologie wat die antwoord is op Suid-Afrika se rasbeheptheid.

Ek verwys ook na die hartseer verhaal van Sandra Laing, wat as wit, swart en kleurling in haar lewe geklassifiseer is deur die Apartheids-bevolkingsregistrasiewet van 1950. Hoe kan jy sê dat 'n kleurlingmens “gemeng” is? Gemeng met wat? Nog 'n ander mens? Belaglik!

In Amerika en Engeland mag jy nie na mense verwys as “coloured” nie. So, hoekom stop ons in Suid-Afrika nie die gebruik van hierdie woord nie? Kom ons los rassisme op deur op te hou om na onself en andere te verwys as bruinmense, witmense of swartmense.

Vandag kan ons nie eens met iemand ’n rassistiese grappie maak nie of daardie persoon wil ’n saak teen jou maak. Kom ons wys die wetgewing weg wat met ras verband hou. Wees trots Suid-Afrikaans.

Hiermee vra ek dat mnr Pledt in die publiek vir ons dan sê watter ras hy is? Ek daag hom uit om ’n PARC T-hemp te dra. Mens kan nie net praat nie, Meneer, doen iets prakties oor hierdie saak ook.

• Meer inligting oor PARC by www.parcса.co.za. – *Glen Snyman*, leier van PARC.

Onder: PARC se 30ste poster wat deel is van hul veldtog om die rassekwessie in die land hok te slaan. Dit is relevant in ’n tyd soos hierdie. As jy siek raak, vra jy nie wat is die ras van die dokter wat jou moet help nie.

RACE DOESN'T MATTER TO YOU

...when you are in **LOVE**

...when your **LIFE** is in danger

...when you are making **MONEY**

THEN WHY DOES RACE MATTER TO YOU AT OTHER TIMES?

APPROVED
COMBAT RACISM
APPROVED

People Against Race Classification
www.parcса.co.za

PARC